Stel bure, byeboere asook plaaslike voorligters in kennis voordat in die nabyheid van gewasse in blom, toegedien word.

- Berg in 'n koel, droë plek en verwyderd vanaf voedsel en veevoer
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

### **Herbetredingsperiode:**

Tensy beskermende klere gedra word, moenie 'n behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag afgedroog het nie.

### **VRYWARING:**

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

### **VOORSORGMATREËLS**

#### **VOORKOMENDE VERKLARINGS:**

Versamel verspilde produk.

Raak ontslae van houers en/of inhoud in ooreenstemming met toepaslike regulasies.

Berg altyd in die oorspronklike ge-etiketeerde houers. Die houers moet toe wees en moet in 'n droë, koel, goed geventileerde stoorplek geberg word, wat te alle tye gesluit is. Berg verwyderd van voedsel en voer.

Vermy die inaseming van sproeiwater.

Was met water en seep na hantering.

Dra beskermende klere bv. handskoene en 'n gesigskerm wanneer hanteer word.

Vermy vel- en oogkontak. In geval van toevallige oogkontak (verwyder kontaklense indien gebruik word) spoel oë met lopende water vir ongeveer 15 - 20 minute. In geval van toevallige kontak met vel moet gekontamineerde klere verwyder word en alle dele wat in kontak was met baie water en seep gewas word. Verkry mediese hulp indien oogirritasie nie sou opklaar nie. Moenie eet, drink of rook terwyl gemeng of toegedien word nie.

Tydens vermenging of toediening moet die hande en gesig altyd gewas word voordat geëet, gedrink, gerook of die toilet besoek word.

Vermy wegdrywing van spuitwater na aangrensende gewasse, weidings, riviere of damme.



Maak alle toerusting skoon voordat vir ander middels gebruik word en gooi spoelwater weg in reeds gespuite area waar dit nie gewasse, weiding, riviere, damme en waterbronne sal besoedel nie.

Ledig houers deur dit vir ongeveer 30 sekondes omgekeer te hou totdat die uitvloei van die inhoud tot 'n stadige drup verlangsaam. Spoel die leë houer daarna drie maal uit met water gelykstaande aan ongeveer 10 % van die volume van die houer en voeg die spoelwater by die inhoud van die spuitenk. Vernietig die leë houer deur gate in te kap, plat te slaan en te begrawe. Moet nooit leë houers vir enige ander doel aanwend nie.

Voorkom die besoedeling van kos, voedingstowwe, drinkwater en eetgerei tydens opberging, hantering en wegdoening.

## **RELEVANTE STOWWE**

<b>KOMPONENT</b>	<b>CAS No.</b>	<b>Konsentrasie (% w/w)</b>
Sulfoksaflor (ISO)	946578-00-3	21,8
Onbekend(e) - Gesulfoneerde aromatiese polimeer, natrium sout vir 300000000578, 300000000299	Nie toegeken nie	>= 1 - < 2,5
1,2-bensisotiasool-3(2H)-een	2634-33-5	>= 0,0025 - < 0,025

## **EERSTEHULP:**

### **Inaseming:**

Verskuif persoon na vars lug toe. Indien persoon nie asemhaal nie, ontbied 'n noodreaksie span of ambulans, dien kunsmatige asemhaling toe, indien mond-tot-mond asemhaling toegepas word, gebruik die noodbeskermings masker, ens. Kontak 'n gifbeheersentrum of geneesheer vir mediese advies.

### **Velkontak:**

Verwyder besmette klere. Spoel vel onmiddellik met genoeg water vir ongeveer 15-20 minute. Kontak 'n gifbeheersentrum of geneesheer vir mediese behandelingsadvies.

### **Oogkontak**

Hou oë oop en spoel stadig en sagkens met water vir 15-20 minute. Verwyder kontaklense, indien gedra word, na die eerste 5 minute, hou aan om oë met water te spoel. Ontbied 'n gifbeheersentrum of geneesheer vir behandelingsadvies. Behoorlike nood oogwasfasiliteit behoort by werksarea beskikbaar te wees.

### **Inname**

Geen nood mediese behandeling is nodig nie.

## Weerstandbestuur van insekmiddels

Insekdoders word geklassifiseer op grond van hul werkingswyse. ("Mode of Action"). **CLOSER® 240 SC** is geklassifiseer as 'n 4C insekdoder. Moenie **CLOSER® 240 SC** meer as vier (4) maal op enige gewas per seisoen toedien nie. Gebruik insekdoders van 'n ander chemiese groep indien meer as vier (4) toedienings benodig word.

Enige insekpopulasie mag individue met 'n natuurlike weerstand teen **CLOSER® 240 SC** of ander insekdoders binne dieselfde chemiese groep insluit. Indien **CLOSER® 240 SC**, of insekdoders van dieselfde chemiese groep, herhaaldelik oor lang periodes, of teen opeenvolgende generasies van insekte aangewend word, sal die weerstandbiedende individue uiteindelik oorheersend in die populasie voorkom. Hierdie weerstandbiedende insekte sal nie deur **CLOSER® 240 SC**, of ander insekdoders binne dieselfde chemiese groep, beheer word nie. Plaaslike kundiges moet oor 'n weerstandstrategie of oor aanbevelings in die verband geraadpleeg word. Dit is bekend dat weerstand van insekte en myte teen insek- en mytdoders ook as gevolg van verhoogde metabolisme, verlaagde penetrasie of veranderde gedragspatroon kan ontstaan. Hierdie tipe weerstand hou nie verband met enige werkingswyse-klassifikasie nie, maar sal spesifiek wees tot 'n bepaalde middel of chemiese groepering. Ten spyte van bogenoemde, bly die afwisseling van middels tussen verskillende chemiese groepe steeds 'n lewensvatbare anti-weerstandstegniek.

Om insekweerstand te vertraag

- Vermy die eksklusiewe gebruik van insekdoders van dieselfde subgroep.
- Moenie insekdoders teen laer dosisse, as wat op die etiket voorgeskryf word, aanwend nie.
- Rig toedienings verkieslik en waar enigsins moontlik, teen die jonger larwale- of die eierstadium van 'n betrokke plaag.
- Sluit ook ander bewese landboukundige of biologiese beheerpraktyke by geïntegreerde plaagbestuursprogramme in.

## Geïntegreerde Plaagbestuursprogram (GPB)

**CLOSER® 240 SC** kan in GPB programme van verskeie gewasse aanbeveel word, veral waar die voorkoms van plaegemonitor word en toedienings eers oorweeg word wanneer die ekonomiese drempelwaarde vir die plaeg op die betrokke gewas bereik is.

Behalwe dat **CLOSER® 240 SC** die plaeg wat as voedselbron vir voordelige insekte dien, beheer, het **CLOSER® 240 SC** wat binne GLP aangewend word, nie 'n beduidende nadelige invloed op parasitiese en predatoriese insekte en myte soos skilpadkewers, goudogies, roofwantse, predatoriese myte ens. nie. Alhoewel **CLOSER® 240 SC** as "skadelik" vir parasiete geklassifiseer word, het veldstudies getoon dat populasies weer vinnig na bespuiting herstel.

Indien **CLOSER® 240 SC** met ander insekdoders, wat die selektiwiteit van **CLOSER® 240 SC** ten opsigte van die voordelige insekte benadeel, gemeng word, sal die voordeel van **CLOSER® 240 SC** in die GPB program nie ten volle benut kan word nie.

## **GEBRUIKSAANWYSINGS:**

**Gebruik slegs soos aangedui.**

**CLOSER® 240 SC** is 'n suspensie konsentraat insekdoder wat met water vermeng moet word om deur middel van konvensionele spuitapparaat as looftoedienings op plante toegedien te word.

**CLOSER® 240 SC** werk deur middel van sistemiese aksie. Goeie bedekking van die teikenarea is belangrik.

### **Menginstruksies:**

#### **CLOSER® 240 SC alleen:**

Vul die spuittenk tot die helfte van die totale volume water benodig. Voeg die verlangde hoeveelheid **CLOSER® 240 SC** in die spuittenk terwyl die water aanhoudend geroer word en die tenk verder tot die verlangde volume aangevul word. Handhaaf roering gedurende bespuiting om univorme verspreiding van die middel in die tenk te verseker. Vermy die terugvloei van water of spuitmengsel na die waterbron.

#### **Mengbaarheid, pH en tenkvermenging:**

Moenie **CLOSER® 240 SC** met modderige water vermeng nie. Die werking van **CLOSER® 240 SC** word nie geaffekteer indien 'n pH van 4-9 gehandhaaf word. Spuitmengsels met 'n lae pH waarde (< pH 4) mag die residuele werking van **CLOSER® 240 SC** benadeel. Buffermiddels is oor die algemeen nie nodig nie. Versuringsmiddels of produkte wat die spuitmengsel tot onder pH 4 sal versuur (bv. Fosfonate, hoë konsentrasies van blaarvoedings, ens.) moet vermy word, of herstel word tot 'n pH van 4-9.

Die mengbaarheid van **CLOSER® 240 SC** met ander produkte is nie getoets nie.

#### **Mengvolgorde vir Tenkmengsels:**

Vul spuittenk tot ongeveer 'n kwart van totale volume spuitwater verlang. Terwyl die inhoud van die spuittenk geroer word, voeg die verskillende formulasiesoorte in volgorde soos hieronder genoem, by die spuitwater in die tenk. Na byvoeging van elke produk, laat voldoende tyd vir volledige vermenging en verspreiding toe, voordat die volgende produk bygevoeg word. Laat addisionele meng- en dispergeringstyd vir waterdispergeerbare produkte toe.

Meng verskillende formulasie in die volgende volgorde:

1. Vul spuittenk met water (50 % vol), terwyl deurlopend geroer word, voeg dan die ander formulasies soos volg by:
2. Water dispergeerbare korrels (WG) (Na vooraf vermenging met water).
3. Benatbare poeiers (WP) of waterdispergeerbare poeiers (WS) (Na vooraf vermenging met water).
4. **CLOSER® 240 SC** en ander Suspensie konsentrate (SC).
5. Ge-enskapsuleerde suspensies (CS).
6. Emulgeerbare konsentrate (EC) of emulsies (olie in water konsentrate) (EW).

## 7. Blaarvoedingsmiddels – na vooraf vermenging met water.

Terwyl deurlopend geroer word, vul tenk tot verlangde volume. Hou die inhoud van die tenk in roering vir die volle duur van vermenging en bespuiting. In geval van 'n spuitonderbreking terwyl die tenk nog nie leeg is nie, moet die spuitmengsel eers weer deur deeglike roering in suspensie gebring word, voordat bespuiting hervat word. 'n Terugvloei pyp met sywaartse uitlate op die bodem van die spuittenk is baie geskik vir die doel.

### Voorafvermenging

Dispergeerbare korrel (WG) en benatbare poeier (WP) formulasies kan vooraf met water tot 'n pasta vermeng word en deur 'n 20 – 30 maas sif, by die spuitwater gevoeg word. Die prosedure verleen sodoende 'n goeie aanvanklike dispergering van die formulasie soorte.

**REËNVASTHEID:** Vermy toedienings indien reën binne 6 ure na toediening verwag word.

### TOEDIENING

Deur gebruik te maak van behoorlike toedieningstegnieke word verseker dat deeglike bedekking verkry word en die regte dosisse van **CLOSER® 240 SC** per ha toegedien word om optimum beheer van insekplae te verseker. Vir die doeltreffende toediening van **CLOSER® 240 SC** en goeie bedekking van die gewas, moet die volgende faktore in aanmerking geneem word: Die regte grondspoed en kalibrasie, sowel as windspoed, plantgrootte en digtheid van die blaredek.

#### **Toediening op Vrugtebome:**

Gebruik konvensionele boordspuit toerusting wat op korrekte wyse gekalibreer is om deeglike bedekking van die teikengewas en korrekte dosis per ha te verseker.

**Sagtevrugtebome: CLOSER® 240 SC** moet op sagtevrugtebome toegedien word deur gebruik te maak van toerusting en toedieningsmetodes wat sal verseker dat deeglike bedekking van die teikenarea verkry word. Behalwe waar hoëvolume bespuitings spesifiek aanbeveel word, mag laevolume toedienings oorweeg word (maks 4x), op voorwaarde dat die toerusting geskik is of aangepas is vir laevolume toediening, en dat toestande geskik is vir optimale bedekking van die teikenarea.

Die dosis per ha moet volgens die formule vir “*Hoë volume benodig*” (HVB) bereken word deur van “*Unrath se formule*” vir “*Boomry Volume*” (BRV) gebruik te maak.

$$BRV = \frac{\text{Boomhoogte (BH)}^* \times \text{Boomwydte (BW)}^* \times 937}{\text{Afstand tussen Rye (RW)}} = \text{HVB in liters per ha}$$

\*(Boomhoogte en Boomwydte moet gedurende die somer, wanneer bome in volblad is, bepaal word.)

Voorgestelde toedieningsvolumes (TV) by verskillende groeistadiums en die formule vir die berekening van dosis per ha, gebaseer op Hoëvolume Behoeftte (HVB)

Groeistadium	Toedieningsvolume
Bot tot Volblom	60 % x HVB
75 % Blomblaarval tot Een Maand Later (Midseisoen)	80 % x HVB
Midseisoen tot Na-oes, Voor Blaarval	100 % x HVB

$$\text{Dosis per ha} = \frac{\text{HVB (L/ha)} \times \text{Dosis} / 100\text{L}}{100}$$

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<b>AARTAPPELS</b> Plantluise ( <i>Myzus persicae</i> )	100 ml/ha	<p>Dien <b>CLOSER® 240 SC</b> as 'n hoë volume voldekbespuiting toe sodra plaag opgemerk word. Herhaal toediening 14 dae later indien nodig. Die spuitvolume wat toegedien moet word per hektaar hang af van die plantgrootte en plantdigtheid.</p> <p><b>Weerstandstrategie:</b>            As weerstandstrategie moet <b>CLOSER® 240 SC</b> nie meer as drie (3) maal per seisoen op enige aartappelland toegedien word nie. Gebruik geregistreerde insekdoders met 'n ander werkingswyse wanneer verdere beheermaatreëls benodig word.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<b>AARBEIE</b> Plantluise ( <i>Chaetosiphon fragaefolii</i> )	100 ml/ha	Dien <b>CLOSER® 240 SC</b> as 'n hoë volume voldekbespuiting toe sodra plaag opgemerk word. Herhaal toediening 14 dae later indien nodig. <b>Weerstandstrategie:</b> As weerstandstrategie moet <b>CLOSER® 240 SC</b> nie meer as drie (3) maal per seisoen op enige aarbeiland toegedien word nie. Gebruik geregistreerde insekdoders met 'n ander werkingswyse wanneer verdere beheermaatreëls benodig word.
<b>BLAARSLAAI</b> Plantluise ( <i>Myzus persicae</i> )  Witvlieg ( <i>Bemesia tabaci</i> )	100 ml/ha  250 ml/ha	Dien <b>CLOSER® 240 SC</b> as 'n hoë volume voldekbespuiting toe sodra plaag opgemerk word. Herhaal toediening 14 dae later indien nodig. Die spuitvolume wat toegedien moet word per hektaar hang af van die plantgrootte en plantdigtheid.  Dien <b>CLOSER® 240 SC</b> as 'n hoë volume voldekbespuiting toe sodra plaag opgemerk word. Herhaal toedienings met 7 – 10 dae tussenposes. Dien ten minstens twee (2) agtereenvolgende toedienings van <b>CLOSER® 240 SC</b> toe om effektiewe plaagbeheer te verseker. 'n Spuitprogram moet gevolg word vir beheer van Witvlieg. Vir addisionele beheermaatreëls moet insekdoders met 'n ander werkingswyse gebruik word.  <b>Weerstandstrategie:</b> As weerstandstrategie moet <b>CLOSER® 240 SC</b> nie meer as vier (4) maal per seisoen op enige blaarslaailand toegedien word nie. Gebruik geregistreerde insekdoders met 'n ander werkingswyse wanneer verdere beheermaatreëls benodig word.

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<p><b>BOOMNEUTE</b> (Amandels, Kasjoeneute, Haselneute, Makadamia neute, Pekanneute, Pistachioneute, Okkerneute, Klapperneute, Brasiliaanse neute en Denneneute) Witluis (<i>Pseudococcus spp.</i>)</p>	<p>12 ml</p>	<p>Dien <b>CLOSER® 240 SC</b> as n hoë volume voldekbepuiting toe sodra plaag opgemerk word, verkieslik tydens kruiperbeweging. Deeglike bedekking noodsaaklik. Herhaal toediening ses weke later.</p> <p><b>Weerstandstrategie:</b> As weerstandstrategie moet <b>CLOSER® 240 SC</b> nie meer as twee (2) maal per seisoen op enige makadamiaboord toegedien word nie. Gebruik geregistreerde insekdoders met 'n ander werkingswyse wanneer verdere beheermaatreëls benodig word.</p>
<p><b>MAKADAMIA NEUTE</b> Gevulde kokkie (<i>Eriococcus ironsidei</i>)</p>	<p>12 ml</p>	<p>Dien <b>CLOSER® 240 SC</b> as n hoë volume voldekbepuiting toe sodra plaag opgemerk word, verkieslik tydens kruiperbeweging. Deeglike bedekking noodsaaklik. Herhaal toediening twee weke later.</p> <p><b>Weerstandstrategie:</b> As weerstandstrategie moet <b>CLOSER® 240 SC</b> nie meer as twee maal per seisoen toegedien word nie. Gebruik geregistreerde insekdoders met 'n ander werkingswyse wanneer verdere beheermaatreëls benodig word.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<p><b>KERNVRUGTE APPELS EN PERE</b> Witluis (<i>Pseudococcus spp.</i>)</p>           <p>Appelwolluis (<i>Eriosoma lanigerum</i>)</p>	<p>12 ml</p>           <p>12 ml</p>	<p>Dien <b>CLOSER® 240 SC</b> as 'n voldekbepuiting toe. Vir optimale beheer van witluis is dit raadsaam om <b>CLOSER® 240 SC</b> in 'n spuitprogram toe te dien. Dien toe as voor-blom toediening drie (3) weke voor knoppieswel/groenpunt stadium. Volg op met 'n tweede toediening by knoppieswel/groenpunt stadium met <b>CLOSER® 240 SC</b>.</p> <p>Indien kruiperbeweging plaasvind na bogenoemde toedienings kan 'n addisionele toediening van <b>CLOSER® 240 SC</b> gemaak word wanneer kruiperbeweging begin, voordat kruipers onder calyx van vrugte inbeweeg.</p> <p>Dien <b>CLOSER® 240 SC</b> as 'n voldekbepuiting toe.</p> <p>Dien toe in Desember wanneer kruiperbeweging begin en eerste tekens van wolluis opgemerk word. Hierdie toediening sal bydra tot witluis beheer.</p> <p>Doen 'n opvolgbespuiting 14 dae later toe, indien nodig.</p> <p><b>Weerstandstrategie:</b> As weerstandstrategie moet <b>CLOSER® 240 SC</b> nie meer as twee (2) maal per seisoen op enige blok appels of pere toegedien word nie. Gebruik geregistreerde insekdoders met 'n ander werkingswyse wanneer verdere beheermaatreëls benodig word.</p>



GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<p><b>KOOLGEWASSE</b>  <b>(Brusselse spruite; brokkoli, kool (insluitend alle variëte), boerenkool, koolraap, blomkool, “pakchoi” en “collards”)</b>  Plantluise  (<i>Myzus persicae</i>)</p> <p>Witvlieg  (<i>Bemisia tabaci</i>)</p>	<p>100 ml/ha</p> <p>250 ml/ha</p>	<p>Dien <b>CLOSER® 240 SC</b> as ‘n hoë volume voldekbespuiting toe sodra plaag opgemerk word. Herhaal toediening 14 dae later indien nodig. Die spuitvolume wat toegedien moet word per hektaar hang af van die plantgrootte en plantdigtheid.</p> <p>Dien <b>CLOSER® 240 SC</b> as ‘n hoë volume voldekbespuiting toe sodra plaag opgemerk word. Herhaal toedienings met 7 – 10 dae tussenposes. Dien ten minstens twee (2) agtereenvolgende toedienings van <b>CLOSER® 240 SC</b> toe om effektiewe plaagbeheer te verseker. ‘n Spuitprogram moet gevolg word vir beheer van Witvlieg. Vir addisionele beheermaatreëls moet insekdoders met ‘n ander werkingswyse gebruik word.</p> <p><b><u>Weerstandstrategie:</u></b>  As weerstandstrategie moet <b>CLOSER® 240 SC</b> nie meer as vier (4) maal per seisoen op enige koolland toegedien word nie. Gebruik geregistreerde insekdoders met ‘n ander werkingswyse wanneer verdere beheermaatreëls benodig word.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<p><b>PAMPOENGEWASSE</b>  (spanspek, botterskorsie, waatlemoen, Pampoene, skorsies [insluitend somer en winter skorsies], "patty pans", kalbas, murgpampoene, komkommers en agurkies)  Witvlieg  (<i>Bemisia tabaci</i>)</p>	<p>250 ml/ha</p>	<p>Dien <b>CLOSER® 240 SC</b> as 'n hoë volume voldekbepuiting toe sodra plaag opgemerk word. Herhaal toedienings met 7 – 10 dae tussenposes. Dien ten minstens twee (2) agtereenvolgende toedienings van <b>CLOSER® 240 SC</b> toe om effektiewe plaagbeheer te verseker. 'n Suijprogram moet gevolg word vir beheer van Witvlieg. Vir addisionele beheermaatreëls moet insekdoders met 'n ander werkingswyse gebruik word.</p> <p><b><u>Weerstandstrategie:</u></b>  As weerstandstrategie moet <b>CLOSER® 240 SC</b> nie meer as vier (4) maal per seisoen op enige pampoengewasland toegedien word nie. Gebruik geregistreerde insekdoders met 'n ander werkingswyse wanneer verdere beheermaatreëls benodig word.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<b>SITRUS</b>  Sitrus Blaaspootjie ( <i>Scirtothrips Aurantii</i> )          Witluis spesies	12 ml          12 ml	<p>Begin met toediening sodra blaaspootjies by 100 % blomblaarval waargeneem word. Dien toe as 'n ligte dekbepuiting. Deeglike bedekking van die teikenarea is noodsaaklik. Herhaal toediening indien nodig.</p> <p>Die gebruik van Delegate 250 WG in spuitprogram as anti-weerstandstrategie word aanbeveel.</p> <p>Dien <b>CLOSER® 240 SC</b> by 100 % blomblaarval, of eerste tekens van kruiperbeweging, toe as 'n hoë volume, voldekbepuiting. Herhaal toediening na ses (6) weke.</p> <p><b><u>Weerstandstrategie:</u></b>            As weerstandstrategie moet <b>CLOSER® 240 SC</b> nie meer as drie (3) maal per seisoen op enige blok sitrus toegedien word nie. Moet nie meer as 1,25 L / ha (300 g a.i./ha) <b>CLOSER® 240 SC</b> per seisoen toedien nie. Gebruik geregistreerde insekdoders met verskillende werkingswyse vir verdere beheermaatreëls.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<b>SOETRISSIES</b> Witvlieg ( <i>Bemisia tabaci</i> )	250 ml/ha	<p>Dien <b>CLOSER® 240 SC</b> as 'n hoë volume voldekbespuiting toe sodra plaag opgemerk word. Herhaal toedienings met 7 – 10 dae tussenposes. Dien ten minstens twee (2) agtereenvolgende toedienings van <b>CLOSER® 240 SC</b> toe om effektiewe plaagbeheer te verseker. 'n Suijprogram moet gevolg word vir beheer van Witvlieg. Vir addisionele beheermaatreëls moet insekdoders met 'n ander werkingswyse gebruik word.</p> <p><b>Weerstandstrategie:</b>  As weerstandstrategie moet <b>CLOSER® 240 SC</b> nie meer as vier (4) maal per seisoen op enige soetrissieland toegedien word nie. Gebruik geregistreerde insekdoders met 'n ander werkingswyse wanneer verdere beheermaatreëls benodig word.</p>
<b>STEENVRUGTE PERSKES, NEKTARIENS EN PRUIME</b> Plantluise ( <i>Myzus persicae</i> )	5 ml	<p>Dien <b>CLOSER® 240 SC</b> as 'n voldekbespuiting toe. Dien toe sodra plantluis opgemerk word. Dien 'n opvolgbespuiting toe indien nodig.</p> <p><b>Weerstandstrategie:</b>  As weerstandstrategie moet <b>CLOSER® 240 SC</b> nie meer as drie (3) maal per seisoen op enige blok Steenvrugte toegedien word nie. Gebruik geregistreerde insekdoders met 'n ander werkingswyse wanneer verdere beheermaatreëls benodig word.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<p><b>TAFELDRUIWE</b>            Blaaspootjies, insluitend WFT (“Western Flower Thrip”)            (<i>Frankliniella occidentalis</i>)</p>	<p>12 ml</p>	<p>Blaaspootjies se voorkoms en gepaardgaande skade by Tafeldruiwe word gewoonlik tydens blom aangerig. In sommige areas en onder sekere toestande (bv. warm en droë toestande) kom blaaspootjies ook later in die seisoen voor. Die teenwoordigheid van blaaspootjies moet dus deurlopend gemonitor word en beheermaatreëls moet dienoorkomstig toegepas word.</p> <p><b>CLOSER® 240 SC</b> moet as ‘n hoë volume dekbespuiting toegedien word aan die begin van kappieval. Onder hoëdruk situasies of ‘n verlengde blomperiode, moet ‘n opvolgbespuiting 7 – 10 dae later toegedien word om korrelbeskerming te verseker. Tracer 480 SC of Delegate 250 WG kan gebruik word vir opvolgbespuitings as deel van weerstandstrategie.</p> <p><b><u>Weerstandstrategie:</u></b>            As weerstandstrategie moet <b>CLOSER® 240 SC</b> nie meer as drie (3) maal per seisoen op enige wingerdblok toegedien word nie. Gebruik geregistreerde insekdoders met ‘n ander werkingswyse wanneer verdere beheermaatreëls benodig word.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<p><b>TAFEL- EN WYNDRUIWE</b>            Witluis            (<i>Planococcus ficus</i>)</p>	<p>12 ml</p>	<p><b>CLOSER® 240 SC</b> moet as 'n hoë volume voldekbepuiting toegedien word sodra kruipers waargeneem word aan die basis van lote en blare. Onder hoë infestasiedruk volg op met 'n addisionele toediening van <b>CLOSER® 240 SC</b> 21-30 dae later. Dien genoegsame spuitvolume toe om goeie bedekking te verseker. Aangesien beheer van maksimum 4 weke verwag kan word, moet addisionele beheermaatreëls toegepas word indien daar herinfestasië plaasvind.</p> <p>'n Geregistreeerde benatter of minerale olie kan by die hoë volume winterbespuiting gevoeg word om benatting, verspreiding en baspenetrasië te verbeter.</p> <p><b><u>Weerstandstrategie:</u></b>            As weerstandstrategie moet <b>CLOSER® 240 SC</b> nie meer as drie (3) maal per seisoen op enige wingerdblok toegedien word nie. Gebruik geregistreeerde insekdoders met 'n ander werkingswyse wanneer verdere beheermaatreëls benodig word.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<b>TAMATIES</b> Witvlieg ( <i>Bemisia tabaci</i> )	250 ml/ha	<p>Dien <b>CLOSER® 240 SC</b> as 'n hoë volume voldekbespuiting toe sodra plaag opgemerk word. Herhaal toedienings met 7 – 10 dae tussenposes. Dien ten minstens twee (2) agtereenvolgende toedienings van <b>CLOSER® 240 SC</b> toe om effektiewe plaagbeheer te verseker. 'n S spuitprogram moet gevolg word vir beheer van Witvlieg. Vir addisionele beheermaatreëls moet insekdoders met 'n ander werkingswyse gebruik word.</p> <p><b>Weerstandstrategie:</b>  As weerstandstrategie moet <b>CLOSER® 240 SC</b> nie meer as vier (4) maal per seisoen op enige Tamatieland toegedien word nie. Gebruik geregistreerde insekdoders met 'n ander werkingswyse wanneer verdere beheermaatreëls benodig word.</p>

DIE VOLGENDE PRODUKTE MAG GEBRUIK WORD OM **CLOSER® 240 SC** TE VERVANG AS WEERSTANDSTRATEGIE:

DELEGATE® 250 WG (Reg. No. L8392)  
TRACER® 480 SC (Reg No. L6557)

**Plaaslike noodnommer: +27(0)82-895-0621 (slegs SA)**  
**24 Uur nood Tel No: +32-3-575-5555**  
**Inligtingsnoodlyn: Tel No: +27(0)12 683-5700**